7.1 Elke party sal aanspreeklik wees vir die kostes en professionele fooiewat die partye moet betaal ten aansien van die onderhandelinge, opstel en sluiting van hierdie ooreenkoms;

7.2 Die Koper is verantwoordelik vir die koste verbonde aan:

7.2.1 Die registrasie van die oordrag van transport van die eiendom in naam van die Koper;

7.2.2 Die betaling van BTW indien enige BTW betaalbaar sal wees;

7.2.3 Enige ander oordragskostes, regskostes en kostes van soortelyke aard wat direk in verband staan met registrasie van die oordrag van die eiendom in naam van die Koper.

7.2.4 Die koste vir die opstel van hierdie ooreenkoms.

8.

**KONTRAK BREUK:**

8.1 Indien enige party ("verstek party") enige materiale terme van hierdie ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige verbreking reg te stel binne veertien (14) dae (mits sodanige gebreke nie binne 14 dae reggestel kan word nie of binne sodanige langer periode as wat die verstek party mag bewys redelik is in die omstandighede) na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die ander party ("onskuldige party") wat die verstek party kennis gee om die gebrek of wanprestasie te herstel, sal die onskuldige party geregtig wees sonder benadeling van enige van sy ander regte waaroor die onskuldige party mag beskikking terme van hierdie ooreenkoms, om:

8.1.1 hierdie ooreenkoms te kanselleer en van die verstekparty skade te verhaal wat die onskuldige party gelei het uit hoofde van die verstekparty se gebrek of wanprestasie; of

8.1.2 onmiddellik spesifieke nakoming van die ooreenkoms deur die verstekparty om al sy verpligtinge in terme van die ooreenkoms na te kom.

9.

**AGENTEKOMMISSIE:**

Die partye boekstaaf dat daar GEEN AGENTEKOMMISSIE betaalbaar is nie.

10.

**KENNISGEWING EN DOMICILIA**

10.1 Die partye kies as hulle onderskeie domicilia citandi et executandi hulle onderskeie adresse soos in hierdie klousule uiteengesit vir alle doeleindes voortspruitende uit of in verband met die Ooreenkoms en by welke adresse alle prosesstukke en kennisgewings voortspruitende uit of in verband met hierdie Ooreenkoms, of die verbreking of beëindiging daarvan geldiglik beteken kan word op of oorhandig kan word aan die partye.

10.2 Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms is die partye se onderskeie adresse:

**Die Koper te**:

| Fisiese Adres: | Posadres: |
|---|---|
| BOTHASTRAAT 2<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 | POSBUS 583<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 |

E-pos: dirkfourie@lantic.net / williamw@lantic.net
Tel nr: (Mnr) 0834489245

**Die Verkoper te**:

Fisiese & Posadres:

_____
_____
_____
_____
_____
_____

E-pos:_____
Tel nr: (Mnr)

of by sodanige adres as waarvan die betrokke party skriftelik by wyse van 14 (veertien) dae voorafgaande kennis aan die ander party aangedui het, onderhewig daaraan dat geen straatadres wat in hierdie klousule aangedui word verander mag word na 'n posbus of poste restante nie.

10.3 Enige kennisgewing in terme van hierdie Ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal

10.3.1 indien per hand afgelewer, geag word behoorlik deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag van aflewering;

10.3.2 indien gepos per voorafbetaalde geregistreerde pos, geag wees deur die geadresseerde ontvang te wees op die 8ste (agste) dae nadat dit gepos is;

10.3.3 indien deur faksimilee of e-pos versend, geag word deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag wat volg op die dag waarop dit versend is, tensy die teendeel bewys word.

10.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel wat in hierdie Ooreenkoms geïmpliseer of vervat is, sal 'n skriftelike kennisgewing of kommunikasie wat werklik deur een party vanaf die ander party ontvang is, insluitende deur faksimilee versending, geag word voldoende kennis of kommunikasie wees aan die geadresseerde party.

11.

**VOETSTOOTS:**

Die eiendom word voetstoots verkoop ooreenkomstig die huidige ligging van die eiendom met al die geboue en verbeteringe daarop aangebring en soos dit uitsien

daarna in die huidige stand en kondisie van die eiendom, sonder enige waarborg van welke aard ookal deur die Verkoper. Die eiendom word verkoop ooreenkomstig die bestaande geregistreerde kaart-akte en onderhewig aan die bestaande serwituutvoorwaardes en ander voorwaardes uiteengesit in die transportakte van die eiendom. Geeneen van die partye sal geregtig wees om enige eis in te stel teen die ander party in die geval dat die eiendom by heropmeet van die bestaande grootte mag verskil. Die Verkoper sal nie verantwoordelik wees vir die uitwysing van enige baken van die eiendom of vir enige koste vir die heroprigting van die baken, die hervasstelling van sodanige baken of die aanbring van enige penne om duidelikheid te kry oor die grootte van die eiendom.

12.

**WAARBORGE:**

Die Verkoper gee geen waarborg met betrekking tot die geboue en enig verbetering op die eiendom of regte wat daaraan verbonde is nie. Dit word nie van die Verkoper vereis om die posisie van die bakens of penne op die eindom en / of die grense daarvan aan die Koper uit te wys nie en die verkoper is ook nie aanspreeklik vir die kostes daaraan verbonde nie.

13.

**OPSKORTENDE VOORWAARDES:**

13.1 Die koop hierin is onderhewig daaraan dat die Koper goedgekeerde finansiering van 'n bank of finansiële insletting sal verkry vir die bedrag van **R11 788 478-87 (Elf miljoen sewe honderd agt en tagtig duisend vier honderd agt en sewentig rand sewe en tagtig sent)** plus BTW daarop bereken (indien BTW Betaalbaar sal wees) binne 'n tydperk van **90 dae** na aanvaarding hiervan deur ondertekening hiervan deur die Verkoper.

13.2 Indien daar nie aan voorwaarde 13.1 hierbo voldoen kan word nie verval hierdie ooreenkoms in geheel en beskik hierdie ooreenkoms oor geen regskrag hoegenaamd nie.

14.

**WERKNEMERS:**

14.1 Die partye boekstaaf dat geen werknemers in diens van die werkgewer aan die Koper oorgedra word in terme van die bepalings van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge nie.

14.2 Die Verkoper sal op sy eie koste, indien nodig, vergoeding betaal aan enige werknemer ten opsigte van enige verlof, bonusse en ander voordele verskuldig aan sodanige werknemer soos op die oordrag datum bereken en bepaal.

14.3 Die Verkoper sal sy werknemer afbetaal soos en met die opdrag daartoe en onderneem die Verkoper om aan die Kopers enige skeidingspakket en/of voordeel uitbetaal in terme van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

14.4 Die Verkoper vrywaar hiermee en skeld die Koper vry van enige eise van sodanige werknemer uit hoofde van voormelde.

15.

**ARBITRASIE EN DISPUUTBESLEGTING:**

15.1 Enige dispuut ontstaande uit die bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitende maar nie beperk tot enige dispuut rakende:

15.1.1 Die bestaan, geldigheid of uitvoering van hierdie ooreenkoms of enige klousule daarvan;

15.1.2 Die interpretasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.3 Die regte en verpligtinge van die partye in terme van hierdie ooreenkoms;

15.1.4 Die rektifikasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.5 Enige kontrakbreuk of kansellasie van hierdie ooreenkoms en die gevolge daarvan;

15.2 'n Arbiter sal 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as 10 jaar praktykservaring nie, genomineer op versoek van enige van die partye tot die arbitrasie deur die onderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.1 Indien die geskil suiwer oor 'n landbou aangeleentheid gaan sal die arbiter 'n boer met ten minste tien jaar ervaring in die verbouing van die betrokke gewas wees waarop die partye skriftelik moet ooreenkom, by gebreke waaraan die arbiter aangewys moet word deur onderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.2 In enige ander aangeleentheid sal die arbiter 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as tien jaar praktiese ondervinding nie waarop die partye moet ooreenkomonderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.3 Die arbitrasie moet geskied te Bloemfontein en op 'n informele basis met die oogmerk dat dit afgehandel word binne negentig dae na die aanstelling van 'n arbiter. Die arbiter moet aangestel word binne tien dae nadat die een party aan die ander party kennis gegee het van die bestaan van 'n dispuut.

15.4 Die arbitrasie moet op 'n informele wyse geskied d.w.s sonder die nodigheid om pleitskrifte te wissel en dokumente bloot te lê, altyd egter, onderworpe aan die aanwysings van die arbiter.

15.5 Binne sewe dae na die aanstelling van die arbiter moet die partye 'n skriftelike arbitrasie ooreenkoms aangaan met die hoofdoel om die geskilpunt(e) tussen hulle te definieer en hulle onderskeie standpunte daaraangaande op rekord te plaas.

15.6 Binne sewe dae nadat die arbitrasie ooreenkoms aangegaan is moet die partye met die arbiter vergader ten einde sy aanwysings te kry oor die verdere verloop van die arbitrasie insluitend die gebruik van dokumente deur die partye en die beskikbaarmaking daarvan;

15.7 Die Arbitrasiewet, No. 42 van 1956 is op die arbitrasie van toepassing;

15.8 Die arbiter het die mag om self te beslis of hy die bevoegdheid het om 'n bepaalde dispuut te bereg insluitende dispute oor prosedure en die maak van 'n gepaste kostebevel.

15.9 Die bepalings van hierdie klousule sal geen party weerhou van sy reg om dringende regshulp aan te vra by enige bevoegde Hof nie.

## VERKOPER SE VERANTWOORDELIKHEDE VOOR DIE OORDRAGDATUM:

16.1 Voortsetting van besigheid:

16.1.1 Die Koper boekstaaf dat die eiendom nie teen enige risiko verseker is nie. Die Koper sal vanaf die ondertekeningsdatum vir die rekening van die Koper geregtig wees om die eiendom op koste van die Koper te verseker insluitende enige verbeteringe daarop teen enige risiko wat die Koper van welke aard ookal in sy uitsluitlike diskresie op mag besluit.

16.1.2 Die Verkoper onderneem om mee te werk tot sodanige versekering deur die Koper en sal die Verkoper as eienaar enige dokumente in verband daarmee onderteken wat die Koper of versekeringsmakelaar aan die Verkoper voorlê vir ondertekening en ter verkryging van die versekering

16.1.3 Die Koper sal vir die eie rekening van die Koper geregtig wees op enige opbrengs in terme van sodanige versekeringspolis, maar sal die Koper nie by die plaasvind van enige gebeurtenis ingevolge waarvan die eiendom voor die oordragdatum sodanig verwoes of beskadig word dat die Koper of enige huurder nie in staat sal wees om die boerdery onderneming of enige gedeelte daarvan as 'n lopende onderneming te bedryf nie, geregtig wees op kansellasie van hierdie ooreenkoms nie

16.2 Onwettige handelinge:

16.2.1 Die Verkoper sal nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Koper (wie se toestemming nie onredeliker wyse weerhou mag word nie) voor die oordragdatum:

16.2.1.1 Enige bate vervreem, toestem tot 'n vervreemding of enige bate beswaar ten opsigte van die eiendom nie van die eiendom nie.

16.2.1.2 Enige abnormale of ongewone transaksie aangaan wat die eiendom nadelig mag affekteer.

16.2.1.3 Die eiendom op enige wyse of manier verander nie.

16.2.1.4 Enige struktuur aangebring op die eiendom verander, wysig of verwyder nie.

16.2.1.5 Die eiendom op dieselfde wyse gebruik en aanwend soos die bestaande praktyk op datum van ondertekening van die ooreenkoms was.

17.

**ELEKTRIESE SERTIFIKAAT:**

17.1 Die partye boekstaaf dat daar geen elektriese installasies op die eiendom aangebring is nie en dat 'n elektriese sertifikaat soos gespesifiseer in aanhangsel 1 tot die Instituut vir Elektriese Regulasies 1992 of enige wysiging ingevolge daarvan nodig is nie.

18.

**ALGEMEEN:**

18.1 Hierdie ooreenkoms stel die volledige ooreenkoms tussen die partye daar. Geen party is gebonde aan enige uitdruklike, stilswyende of geïmpliseerde terme, voorstelling, waarborg of soortgelyke handeling wat nie vervat is in hierdie ooreenkoms nie. Hierdie ooreenkoms termineer en vervang enige vorige beloftes, ondernemings of voorstellings hetsy skriftelik of mondeling gemaak tussen die partye ten opsigte van enige onderwerp van hierdie ooreenkoms.

18.2 Geen toevoeging, verandering, novasie of ooreengekome kansellasie of enige terme van hierdie ooreenkoms sal bindend op die partye wees tensy die partye sodanige toevoeging, wysiging, novasie of kansellasie op skrif gestel is en deur die partye onderteken is nie.

18.3 Geen tegemoetkoming of uitstel van tyd of ander toegewing wat gegee word of toegelaat word deur enige party aan die ander ten opsigte van enige betaling of verpligting of optrede in terme van hierdie Ooreenkoms, sal op enige manier of onder enige omstandighede geag word as 'n toestemming deur enige party te wees of 'n afstanddoening of novasie wees of andersins sodanige party se regte affekteer in terme van, of voortspruitende uit, hierdie Ooreenkoms nie of sodanige party verhoed om sy regte voortspruitende uit hierdie Ooreenkoms te enige tyd uit te oefen om sonder kennisgewing streng en tydige nakoming van elke bepaling of term hiervan af te dwing nie.

18.5 Die partye boekstaaf dat hierdie ooreenkoms op afsonderlike plekke en op afsonderlike dokumente onderteken kan word en met samevoeging van die twee dokumente wat onderskeidelik deur die Verkoper en die Koper elk onderteken is, een gehele en bindende ooreenkoms sal uitmaak.

GETEKEN TE SCHWEIZER -RENEKE HIERDIE 19 DE DAG VAN FEBRUARIE 2021

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
KOPER

GETEKEN TE BLOEMFONTEIN HIERDIE _____ DAG VAN FEBRUARIE 2021

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
VERKOPER

# RESOLUSIE VAN BESLUIT

**RESOLUSIE VAN BESLUIT DEUR DIE DIREKTEURE VAN KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, REGISTRASIENOMMER 1997/011149/07**

**GEHOU TE SCHWEIZER RENEKE OP 19 FEBRUARIE 2021.**

---

Daar word besluit dat:

1. Dat 'n **KOOPOOREENKOMS** hierby aangeheg deur **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer: 1997/011149/07 (Koper)** en **DIE TRUSTEES VAN DIE RORICHS HOOP TRUST, Registrasienommer: IT2132/92 (Verkoper)** aangegaan word.

2. Dat **DIRK JACOBUS FOURIE**, **Identiteitsnommer 701120 5241 086**,die ooreenkoms en alle dokumentasie in verband daarmee namens **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07**,mag teken en om verder enige handeling te verrig wat in verband met voormelde voorgenome ooreenkoms namens **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07,** nodig sal wees ten einde uitvoering te gee aan die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit.

3. Dat daar ingestem word deur **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07,** tot die terme en voorwaardes van gemelde ooreenkoms.

_____

DIREKTEUR

T23238/2010



# KOOPKONTRAK

TUSSEN:

**KRIDYNBOERDERY (EDMS) BEPERK**
(Registrasienommer: **1997/011149/07**)
Hierin verteenwoordig deur **DIRK JACOBUS FOURIE**, ID NR. 7011205241086in sy hoedanigheid as Direkteur, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Koper**")

EN

**DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST**
(Registrasienommer: **TMP2690**
Hierin verteenwoordig deur **REINIER MEYER WEIDEMAN**, ID NR. 880501 513 0085, in syhoedanigheid as Trustee, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Verkoper**")

FJfourie

1.

**INTERPRETASIE:**

1.1 In hierdie ooreenkoms is opskrifte geriefshalwe gebruik en sal nie gebruik word vir die interpretasie van die ooreenkoms tensy die teendeel uit die samehang van die ooreenkoms blyk.

1.2 In hierdie ooreenkoms, tensy die teendeel duidelik daaruit blyk sluit woorde:

1.2.1 wat na een geslag verwys ook die ander geslag in;

1.2.2 wat na die enkelvoud verwys ook die meervoud in en omgekeerd;

1.2.3 wat na natuurlike persone verwys ook opgerigte entiteite (ingelyf of oningelyf) of regspersone in, en omgekeerd;

1.3 Die volgende terme sal die betekenisse wat hieronder daaraan toegeken word, hê en verwante uitdrukkings sal 'n ooreenstemmende betekenis hê, naamlik:

1.3.1 **"Akteuitmakers"** beteken Horn van Rensburg Bloemfontein. Telefoon nommer 051448 9985

1.3.2**"Besigheidsdag"** betekenenige dag anders as 'n Saterdag, Sondag of amptelike publieke vakansiedag in die Republiek van Suid-Afrika.

1.3.3**"BTW"** beteken Belasting op Toegevoegde Waarde betaalbaar in terme van die BTW Wet.

1.3.4**"BTW Wet"** beteken die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde nommer 89 van 1991, soos gewysig.

1.3.5**"Eiendom"** beteken die volgende onroerende eiendomme:

1.3.5.1 GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS REPUBLIEK, 80,5170 ( TAGTIG KOMMA VYF EEN SEWE NUL) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, PROVINSIE NOORD-WES.

Fairie.

1.3.5.2 RESTERENDE GEDEELTE VAN DIE PLAAS HONI-SOIT-MAL-Y-PENSE, 394,5508 (DRIE HONDERD VIER EN NEGENTIG KOMMA VYF VYF NUL AGT) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.

Eiendomme 1.3.5.1 en 1.3.5.2 word gehou volgens aktes van transport nommer T28238/2010.

1.3.7**"Koopprys"** beteken die bedrag R 3 428 708.56 (Drie miljoen vier honderd agt en twintig duisend sewe honderd en agt rand, ses en vyftig sent) BTW uitgesluit.

1.3.8**"Koper"** beteken Kridyn Boerdery (Edms) Bpk(Registrasie nommer 1997/011149/07), 'nMaatskappy behoorlik geïnkorporeer in terme van die Maatskappye Wet.

1.3.9**"Ondertekeningsdatum"** beteken die datum waarop hierdie ooreenkoms onderteken word deur die party wat die ooreenkoms laaste teken.

1.3.10**"Oordrag"** beteken registrasie van transport van die eiendom in naam van die Koper ooreenkomstig die bepalings van die Akteswet nommer 47 van 1937, soos gewysig.

1.3.11**"Oordragdatum"** beteken die datum waarop oordrag geregistreer word in die Aktekantoor.

1.3.12**"Partye"** beteken die Koper en die Verkoper en enige verwysing na party is 'n verwysing na een van die partye.

1.3.13 **"Plaas"** beteken die eiendomme verwys in paragraaf 1.3.5.

Fourie.

1.3.14 **"Rente"** beteken die nominale jaarliks, maandeliks agteruit saamgestel, prima oortrokke rentekoers soos gehef deur Standard Bank Beperk, van tyd tot tyd amptelik gekwoteer deur **NEDBANK** Bank, bereken op 'n 365 (drie honderd vyf en sestig) dae faktor ongeag of die jaar 'n skrikkeljaar is, soos gesertifiseer deur enige bestuurder van **NEDBANK**Bank waarvan die bewys van aanstelling nie nodig sal wees nie, welke sertifikaat sal dien as prima facie bewys van die inhoud daarvan.

1.3.15 **"Verkoper"** beteken Die Trustees van die Welgeval Trust(TMP2690) 'n Trust behoorlik geïnkorporeer en geregistreer kragtens die Wette van die Republiek van Suid-Afrika.

1.3.16 **"Voldoeningsdatum"** beteken die datum waarop die laaste van die opskortende voorwaarde na verwys in 13.1.1 en 13.1.2 voldoen is.

1.4 Enige verwysing na enige Wet, Regulasie of ander Wetgewing sal 'n verwysing wees na sodanige Wet, Regulasie of ander Wetgewing soos op die ondertekeningsdatum en soos gewysig of vervang van tyd tot tyd.

1.5 Indien enige bepaling in 'n omskrywing 'n substantiewe bepaling is wat regte verleen of verpligtinge oplê op enige party, ongeag die feit dat sodanige bepaling slegs in die omskrywingsklousule vervat is, sal uitvoering daaraan gegee word asof dit 'n substantiewe bepaling in die liggaam van die ooreenkoms is.

1.6 Uitdrukkings in die ooreenkoms omskryf, sal dieselfde betekenis dra in die skedules of bylaes tot hierdie ooreenkoms wat nie insigself hulle eie omskrywing bevat nie.

1.7 Wanneer 'n getal dae in hierdie ooreenkoms voorgeskryf word, sal genoemde bereken word uitsluitend van die eerste en insluitend van die laaste dag tensy die laaste dag op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, in welke geval die laaste dag die daaropvolgende dag sal wees wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.

1.8 Enige verwysing na dae (anders as 'n verwysing na besigheidsdae), maande of jare sal 'n verwysing na kalenderdae, maande en jare wees, na gelang van die geval.

1.9 Die gebruik van enige uitdrukking in hierdie ooreenkoms wat 'n prosedure beskikbaar in terme van Suid-Afrikaanse Reg omskryf, soos likwidasie, sal, indien enige van die partye tot hierdie ooreenkoms onderhewig is aan die reg van 'n ander juisdiksie, geag word enige soortgelyke of analoë prosedure insluit onder die reg van sodanige ander jurisdiksie.

1.10 Die gebruik van die woord "insluitend" gevolg deur 'n spesifieke voorbeeld sal nie sodanig uitgelê word as 'n beperking op die betekenis van die voorafgaande frase nie en sal die *eiusdem generis* reël nie van toepassing wees in die interpretasie van sodanige frase, bewoording of sodanige spesifieke voorbeeld nie.

1.11 Geen bepaling hierin sal geag word of uitgelê word tot nadeel van 'n party omdat daardie party sodanige bepaling gestruktureer, opgestel of voorgestel het of geag word dit te gedoen het nie.

1.12 Hierdie ooreenkoms word beheer deur, uitgelê en geïnterpreteer in ooreenstemming met die Reg van die Republiek van Suid-Afrika.

1.13 Ingeval daar enige verskil of teenstrydigheid tussen die bepalings van hierdie ooreenkoms en enige skedules en/of aanhangsels tot hierdie ooreenkoms is, sal die bepalings van hierdie ooreenkoms deurslaggewend wees.

1.14 Hierdie ooreenkoms sal enige reg opvolgers in titel en belang van die partye tot hierdie ooreenkoms bind, asof hierdie terme en voorwaarde persoonlik deur die partye se opvolgers in reg, titel en belang aangegaan is.

2.

**INLEIDING:**

2.1 Die Verkoper is die eienaars van die eiendom bestaande uit die plase vermeld in paragraaf 1.3.5.

Laurie.

2.2 Die Verkoper het ooreengekom om die plaas as 'n lopende onderneming wat landbou inkomste genereer deurmiddel van veeboerdery.

2.3 Hierdie ooreenkoms vervat die terme en voorwaarde waarop die partye ooreengekom het tot die voorgemelde koop en verkoop van die eiendom.

3.

**KOOPPRYS EN BETALING:**

3.1 Die koopprys van R 3 428 708.56 (Drie miljoen vier honderd agt en twintig duisend sewe honderd en agt rand, ses en vyftig sent) BTW uitgesluit.

3.2 Die partye boekstaaf dat die partye geregistreer is vir BTW en dat die plaas verkoop word as 'n lopende onderneming wat 'n boerdery inkomste genereer en dat die BTW as'n nul koers betaalbaar is.

3.3 Die volle koopsom ten aansien van die eiendom sal betaal word deur die Koper aan die Verkoper op die oordrag datum.

3.4 Onderwig aan oordrag en binne 30 dae gereken vanaf die ondertekenings datum, sal die Koper 'n kommersiële Bankwaarborg aan die Akteuitmakers, aanvaarbaar vir die Verkoper, lewer vir betaling van die volle koopsom van R 3 428 708.56 (Drie miljoen vier honderd agt en twintig duisend sewe honderd en agt rand, ses en vyftig sent) plus BTW daarop bereken (indien BTW Betaalbaar sal wees), alternatiewelik sal die koper die voormelde koopprys in kontant inbetaling by die Akteuitmakers voor of op die datum waarop die koper die waarborg moet lewer ingevolge die bepalings van hierdie klousule.

3.5 Die koopsom sal in trust gehou word deur die Akteuitmakers tot en met die oordrag van die eiendom.

3.6 Enige rente verdien op voormelde bedrag wat inbetaal word in die trustrekening van die Akteuitmaker sal vir die rekening en voordeel van die Koper wees en op die oordragdatum aan die Koper uitbetaal word.

3.7 Die waarborge sal opvraagbaar en betaalbaar wees te Bloemfontein of enige ander plek skriftelik aangewys deur die Akteuitmaker:

3.7.1 Op oordrag van die eiendom in naam van die Koper;

Fgaurie.

3.7.2 Met kansellasie van enige bestaande verband soos geregistreer oor die eiendom voor die oordragdatum;

3.7.3 Teen gelyktydige registrasie van 'n nuwe verband indien die Koper in die uitsluitlike diskresie van die Koper verkies om 'n verband te registreer as sekuriteit vir enige finansiering.

3.8 Alle betalings ontstaande uit hierdie ooreenkoms sal gemaak word vry van enige bankwisselkoers, kommissie en ander aftrekkings aan die party daarop geregtig,teen die datum van verskuldigheid en in die geval wanneer sodanige datum van verskuldigheid nie 'n besigheidsdag is nie, op die onmiddellik daaropvolgende besigheidsdag.

3.9 Geeneen van die partye sal die reg hê om enige betaling verskuldig aan die ander party te weerhou, oor te maak aan 'n ander persoon, te wysig op enige voorwaarde wat nie uit hierdie ooreenkoms ontstaan nie of om 'n bevel om afwysing tot betaling van sodanige bedrag te verkry of enige eksekusie of ander vonnis by wyse van skuldvergelyking of teeneis, ontstaande uit welke oorsaak ookal.

3.10 Ongeag die bepalings van hierdie ooreenkoms sal enige bedrag verskuldig deur die een party aan die ander party (insluitend skadevergoeding) ontstaande en betaalbaar in terme van en uit hoofde van hierdie ooreenkoms, rente beloop vanaf die verskuldigde datum welke rente maandeliks agteruit bereken en gekapitaliseer sal word op die balans verskuldig van tyd tot tyd.

3.11 Indien die Koper die koopprys inbetaal voor die dae na verwys in klousule 3.3 en indiening van die aktes by die aktekantoor ter registrasie van transport van die eiendom in naam van die koper nie binne 14 (VEERTIEN) dae kan geskied nie, sal die Akteuitmaker voormelde bedrag belê by Nedbank Corporate Saver op die volgende voorwaardes:

3.11.1 die bedrag moet belê word op 'n trust spaar rekening of rente-draende rekening;

3.11.2 die rekening moet 'n verwysing bevat na Artikel 78(2A) van die Wet op Prokureurs (Wet Nr 53 van 1979);

3.11.3 die rente wat verdien word op die belegging, is tot die koper se voordeel en moet aan die koper betaal word na aftrekking van fooie en

Fgaurie.

uitgawes om die belegging te administreer, so spoedig moontlik na die datum van registrasie van bogemelde transaksie;

3.11.4 die klousule 3 bedrag aldus belê moet op die datum van registrasie uitbetaal word in ooreenstemming met die Akteuitmaker se opdrag;

3.11.5 die partye is bewus van die feit dat terwyl die bedrag belê is by die gemelde bank, die bedrag nie beskerm is teen 'n moontlike likwidasie van die gemelde bank nie;

3.11.6 In terme van Artikel 86(5) van die Wet op Regspraktyke, Wet Nr. 28 van 2014, 5% (VYF PERSENT) van die rente wat geakkumuleer word op die gemelde belegging, oorbetaal moet word aan die Raad op Regspraktisynsen in die Fonds vestig.

4.

**BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE:**

4.1 Die Verkoper waarborg dat die Verkoper vir doeleindes van hierdie ooreenkoms 'n ondernemer is soos gedefinieer in Artikel 1 van die BTW Wet en in terme van Artikel 23 van die BTW Wet as sulks geregistreer is onder BTW Nommer: 4950191587.

4.2 Die Koper waarborg dat die Koper vir doeleindes van hierdie ooreenkoms 'n ondernemer is soos gedefinieer in Artikel 1 van die BTW Wet en in terme van Artikel 23 van die BTW Wet as sulks geregistreer is onder BTW Nommer: 4860167115.

4.3 Sonder om te aanvaar dat die transaksie onderhewig is aan BTW teen die standaardkoers, kom die partye ooreen dat indien vir welke rede ookal BTW nie as 'n nulkoers gereken sal word nie in terme van die BTW Wet en soos deur die partye in die vooruitsig gestel, of indien die Verkoper deur SARS versoek word om BTW op die transaksie te betaal teen 'n koers hoër as die standaard BTW koers, sal die Koper op die skriftelike versoek van die Verkoper of die Akteuitmaker, vergesel van 'n belastingfaktuur die bedrag BTW betaal teen die standaard BTW koers binne 7 (SEWE) dae na ontvangs van 'n kennisgewing dat BTW betaalbaar is en 'n faktuur. Die BTW sal dan addisioneel tot die koopsom betaal word in die bedrag van 15% op die koopsom van R 3 428 708.56 (Drie miljoen vier honderd agt en twintig duisend sewe honderd en agt rand, ses en vyftig sent.)

5.

**BESIT:**

5.1 Besit en ongestoorde okkupasie van die eiendom is reeds aan die Koper gegee ondanks die datum van ondertekening hiervan, vanaf welke datum dit vir die Koper se uitsluitlike risiko, wins of verlies is.

5.2 Die Verkoper sal aan die Koper op aanvraag 'n bedrag betaal gelykstaande aan alle agterstallige belastings en heffings verskuldig aan enige plaaslike of provinsiale owerheid, verskuldig en betaalbaar tot en met die ondertekeningsdatum. Die partye sal op die oordragdatum al sodanige uitgawes ten aansien van die eiendom rekonsilieer.

5.3 Enige bedrag wat betaal is ten aansien van belastings, heffings en versekeringspremies vooruit betaal of agterstallig, sal proporsioneel bereken word en in ooreenstemming met die oordragdatum in die geval van die Verkoper deur die Koper addisioneel tot die koopprys betaal word proporsioneel in ooreenstemming met die oordragdatum en in die geval indien enige agterstallige bedrae verskuldig mag wees sal die Verkoper verantwoordelik wees vir die opbetaling daarvan proporsioneel en in ooreenstemming met die oordragdatum.

5.4 Die okkupasie huurgeld beloop 'n bedrag van R250.00 (twee honderd en vyftig rand) per hektaar per jaar, maandeliks voortuibetaalbaar te wete R9897.24 plus 15% BTW te wete R 11 381.82 (BTW ingesluit).

5.5 Die okkupasiehuur vir Julie en Augustus 2021 is tans betaalbaar.

6.

**OORDRAG:**

6.1 Oordrag van die eiendom sal geskied binne 'n redelike tyd nadat die koopprys, belastings of heffings en koste betaalbaar deur die Koper deur middel van 'n waarborg versekureer is of inbetaal is by die akteuitmaker.

6.2 Elke party sal binne sewe (7) dae nadat sodanige party versoek is deur die Akteuitmaker om alle dokumente te onderteken wat in verband staan met die oordrag van die eiendom en alle dokumente versoek deur die Akteuitmaker lewer deur sodanige party ten einde oordrag van die eiendom en registrasie van die verband verlang deur die Koper, te bewerkstellig.

7.

**OORDRAGKOSTE:**

Die partye is onderskeidelik verantwoordelik vir die volgende kostes en heffings:

7.1 Elke party sal aanspreeklik wees vir die kostes en professionele fooiewat die partye moet betaal ten aansien van die onderhandelinge, opstel en sluiting van hierdie ooreenkoms;

7.2 Die Koper is verantwoordelik vir die koste verbonde aan

:

7.2.1 Die registrasie van die oordrag van transport van die eiendom in naam van die Koper;

7.2.2 Die betaling van BTW indien enige BTW betaalbaar sal wees;

7.2.3 Enige ander oordragskostes, regskostes en kostes van soortelyke aard wat direk in verband staan met registrasie van die oordrag van die eiendom in naam van die Koper.

7.2.4 Die koste vir die opstel van hierdie ooreenkoms.

8.

**KONTRAK BREUK:**

8.1 Indien enige party ("verstek party") enige materiale terme van hierdie ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige verbreking reg te stel binne veertien (14) dae (mits sodanige gebreke nie binne 14 dae reggestel kan word nie of binne sodanige langer periode as wat die verstek party mag bewys redelik is in die omstandighede) na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die ander party ("onskuldige party") wat die verstek party kennis gee om die gebrek of wanprestasie te herstel, sal die onskuldige party geregtig wees sonder benadeling van enige van sy ander regte waaroor die onskuldige party mag beskikking terme van hierdie ooreenkoms, om:

8.1.1 hierdie ooreenkoms te kanselleer en van die verstekparty skade te verhaal wat die onskuldige party gelei het uit hoofde van die verstekparty se gebrek of wanprestasie; of

Jfaurie.

8.1.2 onmiddellik spesifieke nakoming van die ooreenkoms deur die verstekparty om al sy verpligtinge in terme van die ooreenkoms na te kom.

9.

**AGENTEKOMMISSIE:**

Die partye boekstaaf dat daar agente kommissie betaalbaar is deur die Verkoper aan iProp Trading CC van 5% plus BTW op die Koopprys.

10.

**KENNISGEWING EN DOMICILIA**

10.1 Die partye kies as hulle onderskeie domicilia citandi et executandi hulle onderskeie adresse soos in hierdie klousule uiteengesit vir alle doeleindes voortspruitende uit of in verband met die Ooreenkoms en by welke adresse alle prosesstukke en kennisgewings voortspruitende uit of in verband met hierdie Ooreenkoms, of die verbreking of beëindiging daarvan geldiglik beteken kan word op of oorhandig kan word aan die partye.

10.2 Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms is die partye se onderskeie adresse:

**Die Koper te:**

| Fisiese Adres: | Posadres: |
|---|---|
| BOTHASTRAAT 2<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 | POSBUS 583<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 |

E-pos: dirkfourie@lantic.net
Tel nr: (Mnr) 0834489245

**Die Verkoper te:**

Fisiese & Posadres:

P/A SCHOEMAN STEYN ING.
VERW: H H SCHOEMAN
BURGERRECHT STRAAT 18
BLOEMHOF

Fourie.

2660

E-pos: svsbloemhof@telkomsa.net
Tel nr: (Mnr Schoeman) 0822022568

of by sodanige adres as waarvan die betrokke party skriftelik by wyse van 14 (veertien) dae voorafgaande kennis aan die ander party aangedui het, onderhewig daaraan dat geen straatadres wat in hierdie klousule aangedui word verander mag word na 'n posbus of poste restante nie.

10.3 Enige kennisgewing in terme van hierdie Ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal

10.3.1 indien per hand afgelewer, geag word behoorlik deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag van aflewering;

10.3.2 indien gepos per voorafbetaalde geregistreerde pos, geag wees deur die geadresseerde ontvang te wees op die 8ste (agste) dae nadat dit gepos is;

10.3.3 indien deur faksimilee of e-pos versend, geag word deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag wat volg op die dag waarop dit versend is, tensy die teendeel bewys word.

10.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel wat in hierdie Ooreenkoms geïmpliseer of vervat is, sal 'n skriftelike kennisgewing of kommunikasie wat werklik deur een party vanaf die ander party ontvang is, insluitende deur faksimilee versending, geag word voldoende kennis of kommunikasie wees aan die geadresseerde party.

11.

**VOETSTOOTS:**

Die eiendom word voetstoots verkoop ooreenkomstig die huidige ligging van die eiendom met al die geboue en verbeteringe daarop aangebring en soos dit uitsien daarna in die huidige stand en kondisie van die eiendom, sonder enige waarborg van welke aard ookal deur die Verkoper. Die eiendom word verkoop ooreenkomstig die bestaande geregistreerde kaart-akte en onderhewig aan die bestaande serwituutvoorwaardes en ander voorwaardes uiteengesit in die transportakte van die eiendom. Geeneen van die partye sal geregtig wees om enige eis in te stel teen die

Hanie.

ander party in die geval dat die eiendom by heropmeet van die bestaande grootte mag verskil. Die Verkoper sal nie verantwoordelik wees vir die uitwysing van enige baken van die eiendom of vir enige koste vir die heroprigting van die baken, die hervasstelling van sodanige baken of die aanbring van enige penne om duidelikheid te kry oor die grootte van die eiendom.

12.

**WAARBORGE:**

Die verkoper gee geen waarborg met betrekking tot die geboue en enige verbetering op die eiendom of regte wat daaraan verbonde is nie.

13.

**OPSKORTENDE VOORWAARDES:**

13.1 Die koop hierin is onderhewig daaraan dat die Koper goedgekeerde finansiering van 'n bank of finansiële instelling sal verkry vir die bedrag van R 3 428 708.56 (Drie miljoen vier honderd agt en twintig duisend sewe honderd en agt rand, ses en vyftig sent) BTW uitgesluit binne 'n tydperk van 20 dae na aanvaarding hiervan deur die ondertekening hiervan deur die Verkoper.

13.2 Indien daar nie aan voorwaarde 13.1 hierbo voldoen kan word nie verval hierdie ooreenkoms in geheel en beskik hierdie ooreenkoms oor geen regskrag hoegenaamd nie.

14.

**WERKNEMERS:**

14.1 Die partye boekstaaf dat geen werknemers in diens van die werkgewer aan die Koper oorgedra word in terme van die bepalings van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge nie.

14.2 Die Verkoper sal op sy eie koste, indien nodig, vergoeding betaal aan enige werknemer ten opsigte van enige verlof, bonusse en ander voordele

Fourie.

verskuldig aan sodanige werknemer soos op die oordrag datum bereken en bepaal.

14.3 Die Verkoper sal sy werknemer afbetaal soos en met die opdrag daartoe en onderneem die Verkoper om aan die Kopers enige skeidingspakket en/of voordeel uitbetaal in terme van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

14.4 Die Verkoper vrywaar hiermee en skeld die Koper vry van enige eise van sodanige werknemer uit hoofde van voormelde.

15.

**ARBITRASIE EN DISPUUTBESLEGTING:**

15.1 Enige dispuut ontstaande uit die bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitende maar nie beperk tot enige dispuut rakende:

15.1.1 Die bestaan, geldigheid of uitvoering van hierdie ooreenkoms of enige klousule daarvan;

15.1.2 Die interpretasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.3 Die regte en verpligtinge van die partye in terme van hierdie ooreenkoms;

15.1.4 Die rektifikasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.5 Enige kontrakbreuk of kansellasie van hierdie ooreenkoms en die gevolge daarvan;

15.2 'n Arbiter sal 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as 10 jaar praktykservaring nie, genomineer op versoek van enige van die partye tot die arbitrasie deur die onderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.1 Indien die geskil suiwer oor 'n landbou aangeleentheid gaan sal die arbiter 'n boer met ten minste tien jaar ervaring in die verbouing van die betrokke gewas wees waarop die partye skriftelik moet ooreenkom, by gebreke waaraan die arbiter aangewys moet word deur onderskeie

Fourie.

regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.2 In enige ander aangeleentheid sal die arbiter 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as tien jaar praktiese ondervinding nie waarop die partye moet ooreenkomonderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.3 Die arbitrasie moet geskied te Bloemhof en op 'n informele basis met die oogmerk dat dit afgehandel word binne negentig dae na die aanstelling van 'n arbiter. Die arbiter moet aangestel word binne tien dae nadat die een party aan die ander party kennis gegee het van die bestaan van 'n dispuut.

15.4 Die arbitrasie moet op 'n informele wyse geskied d.w.s sonder die nodigheid om pleitskrifte te wissel en dokumente bloot te lê, altyd egter, onderworpe aan die aanwysings van die arbiter.

15.5 Binne sewe dae na die aanstelling van die arbiter moet die partye 'n skriftelike arbitrasie ooreenkoms aangaan met die hoofdoel om die geskilpunt(e) tussen hulle te definieer en hulle onderskeie standpunte daaraangaande op rekord te plaas.

15.6 Binne sewe dae nadat die arbitrasie ooreenkoms aangegaan is moet die partye met die arbiter vergader ten einde sy aanwysings te kry oor die verdere verloop van die arbitrasie insluitend die gebruik van dokumente deur die partye en die beskikbaarmaking daarvan;

15.7 Die Arbitrasiewet, No. 42 van 1956 is op die arbitrasie van toepassing;

15.8 Die arbiter het die mag om self te beslis of hy die bevoegdheid het om 'n bepaalde dispuut te bereg insluitende dispute oor prosedure en die maak van 'n gepaste kostebevel.

15.9 Die bepalings van hierdie klousule sal geen party weerhou van sy reg om dringende regshulp aan te vra by enige bevoegde Hof nie.

16.

**VERKOPER SE VERANTWOORDELIKHEDE VOOR DIE OORDRAGDATUM:**

16.1 Voortsetting van besigheid:

16.1.1 Die Koper boekstaaf dat die eiendom nie teen enige risiko verseker is nie. Die Koper sal vanaf die ondertekeningsdatum vir die rekening van die Koper geregtig wees om die eiendom op koste van die Koper te verseker insluitende enige verbeteringe daarop teen enige risiko wat die Koper van welke aard ookal in sy uitsluitlike diskresie op mag besluit.

16.1.2 Die Verkoper onderneem om mee te werk tot sodanige versekering deur die Koper en sal die Verkoper as eienaar enige dokumente in verband daarmee onderteken wat die Koper of versekeringsmakelaar aan die Verkoper voorlê vir ondertekening en ter verkryging van die versekering

16.1.3 Die Koper sal vir die eie rekening van die Koper geregtig wees op enige opbrengs in terme van sodanige versekeringspolis, maar sal die Koper nie by die plaasvind van enige gebeurtenis ingevolge waarvan die eiendom voor die oordragdatum sodanig verwoes of beskadig word dat die Koper of enige huurder nie in staat sal wees om die boerdery onderneming of enige gedeelte daarvan as 'n lopende onderneming te bedryf nie, geregtig wees op kansellasie van hierdie ooreenkoms nie

16.2 <u>Onwettige handelinge:</u>

16.2.1 Die Verkoper sal nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Koper (wie se toestemming nie onredeliker wyse weerhou mag word nie) voor die oordragdatum:

16.2.1.1 Enige bate vervreem, toestem tot 'n vervreemding of enige bate beswaar ten opsigte van die eiendom nie van die eiendom nie.

16.2.1.2 Enige abnormale of ongewone transaksie aangaan wat die eiendom nadelig mag affekteer.

16.2.1.3 Die eiendom op enige wyse of manier verander nie.

16.2.1.4 Enige struktuur aangebring op die eiendom verander, wysig of verwyder nie.

16.2.1.5 Die eiendom op dieselfde wyse gebruik en aanwend soos die bestaande praktyk op datum van ondertekening van die ooreenkoms was.

17.

**ELEKTRIESE SERTIFIKAAT:**

17.1 Die Verkoper sal verplig wees op hul koste om voor registrasie van transport 'n sertifikaat te lewer aan die bogemlede transportbesorger ter bevestiging dat die elektriese installasie op die eiendom voldoen aan die vereistes neergelê in die regulasies met betrekking tot elektriese installasie van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die verkryging van die elektrisiteit op die eiendom, en dus 'n sertifikaat vir die gebruik van elektrisiteit op die eindom is egter, soos hierin later mee gehandel word, die verantwoordelikheid van die Koper.

18.

**WATERREG**

18.1 Enige waterreg nie geregistreer op naam van 'n derde party oor die eiendom vorm deel van die koop hieringevolge en is by die koopprys ingesluit. Die Koper sal toesien dat die waterreg op sy naam geregistreer word en sal die Verkoper alle dokumentasie wat daarvoor benodig word om die oordrag van die waterreg aldus te bewerkstellig aan die Koper verleen op aanvraag daartoe.

**ALGEMEEN:**

19.1 Hierdie ooreenkoms stel die volledige ooreenkoms tussen die partye daar. Geen party is gebonde aan enige uitdruklike, stilswyende of geïmpliseerde terme, voorstelling, waarborg of soortgelyke handeling wat nie vervat is in hierdie ooreenkoms nie. Hierdie ooreenkoms termineer en vervang enige vorige beloftes, ondernemings of voorstellings hetsy skriftelik of mondeling gemaak tussen die partye ten opsigte van enige onderwerp van hierdie ooreenkoms.

19.2 Geen toevoeging, verandering, novasie of ooreengekome kansellasie of enige terme van hierdie ooreenkoms sal bindend op die partye wees tensy die partye sodanige toevoeging, wysiging, novasie of kansellasie op skrif gestel is en deur die partye onderteken is nie.

19.3 Geen tegemoetkoming of uitstel van tyd of ander toegewing wat gegee word of toegelaat word deur enige party aan die ander ten opsigte van enige betaling of verpligting of optrede in terme van hierdie Ooreenkoms, sal op enige manier of onder enige omstandighede geag word as 'n toestemming deur enige party te wees of 'n afstanddoening of novasie wees of andersins sodanige party se regte affekteer in terme van, of voortspruitende uit, hierdie

Fjkunie.

Ooreenkoms nie of sodanige party verhoed om sy regte voortspruitende uit hierdie Ooreenkoms te enige tyd uit te oefen om sonder kennisgewing streng en tydige nakoming van elke bepaling of term hiervan af te dwing nie.

19.4 Die partye boekstaaf dat hierdie ooreenkoms op afsonderlike plekke en op afsonderlike dokumente onderteken kan word en met samevoeging van die twee dokumente wat onderskeidelik deur die Verkoper en die Koper elk onderteken is, een gehele en bindende ooreenkoms sal uitmaak.

GETEKEN TE Schweizer Renecke OP HIERDIE 19 DAG VAN AUGUSTUS 2021

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
KOPER

GETEKEN TE Schweizer Renecke OP HIERDIE 19 DAG VAN AUGUSTUS 2021

**AS GETUIES:**

1. Fourie. _____

2. _____

_____
VERKOPER

# RESOLUSIE VAN BESLUIT

**RESOLUSIE VAN BESLUIT DEUR DIE DIREKTEURE VAN KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, REGISTRASIENOMMER 1997/011149/07**

**GEHOU TE** Schweizer-Renéke **op** 19 Augustus **2021**

---

Daar word besluit dat:

1. Dat 'n **KOOPOOREENKOMS** hierby aangeheg deur**KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer: 1997/011149/07 (Koper)** en **DIE TRUSTEES VAN DIE JE TRUST, Registrasienommer: IT5076/00 (Verkoper)** aangegaan word.

2. Dat **DIRK JACOBUS FOURIE, Identiteitsnommer 701120 5241 086**,die ooreenkoms en alle dokumentasie in verband daarmee namens **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07**,mag teken en om verder enige handeling te verrig wat in verband met voormelde voorgenome ooreenkoms namens**KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07**, nodig sal wees ten einde uitvoering te gee aan die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit.

3. Dat daar ingestem word deur **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07**, tot die terme en voorwaardes van gemelde ooreenkoms.

_____

DIREKTEUR

_____

DIREKTEUR

_____

DIREKTEUR

## ADDENDUM TOT KOOPOOREENKOMS

OOREENKOMS AANGEGAAN EN GESLUIT DEUR EN TUSSEN:

**KRIDYNBOERDERY (EDMS) BEPERK**
(Registrasienommer: **1997/011149/07**)
Hierin verteenwoordig deur **DIRK JACOBUS FOURIE**, ID NR. 7011205241086in sy hoedanigheid as Direkteur, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Koper**")

EN

**DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST**
(Registrasienommer: **TMP2690**
Hierin verteenwoordig deur **REINIER MEYER WEIDEMAN**, ID NR. 880501 513 0085, in syhoedanigheid as Trustee, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Verkoper**")

**NADEMAAL** die Koper en Verkoper op 19 Augustus 2021 'n koopooreenkoms aangegaan het ten aansien van die koop van die verkoper se eiendom nl:

1. **GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS REPUBLIEK, 80,5170 ( TAGTIG KOMMA VYF EEN SEWE NUL) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, PROVINSIE NOORD-WES.**

2. **RESTERENDE GEDEELTE VAN DIE PLAAS HONI-SOIT-MAL-Y-PENSE, 394,5508 (DRIE HONDERD VIER EN NEGENTIG KOMMA VYF VYF NUL AGT) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.**

**gehou volgens aktes van transport nommer T28238/2010.**

EN NADEMAAL die Koper en Verkoper 'n wysiging tot klousule 1.3.1 en 10.2 van die gesegde koopooreenkoms wil aanbring.

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:

1.

Klousule 1.3.1 van die huurooreenkoms word hiermee gewysig om as volg te lees:

1.3.1 **"Akteuitmakers"** beteken Du Randt Law Ingelyf, Bloemfontein Telefoon nommer 082 374 1757.

Klousule 10.2 van die huurooreenkoms word hiermee gewysig om as volg te lees:

10.2 Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms is die partye se onderskeie adresse:

**Die Koper te**:

| Fisiese Adres: | Posadres: |
|---|---|
| BOTHASTRAAT 2<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 | POSBUS 583<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 |

E-pos: dirkfourie@lantic.net
Tel nr: (Mnr) 0834489245

**Die Verkoper te**:

Fisiese & Posadres:

P/A DU RANDT LAW ING.
PRETTYMAN WEG 16
WAVERLEY
BLOEMFONTEIN
9301

E-pos: zane@durandtlaw.co.za
Tel nr: 082 374 1757 (Zane du Randt)



Die balans van die inhoud van die huurooreenkoms sal ten volle van krag en afdwingbaar bly.

**GETEKEN TE SCHWEIZER RENEKE op hierdie 30e dag van AUGUSTUS 2021.**

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
**VERKOPER**

GETEKEN TE SCHWEIZER RENEKE op hierdie 30e dag van AUGUSTUS 2021.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

_____

KOPER

T431 02 | 2010



# KOOPKONTRAK

TUSSEN:

**KRIDYNBOERDERY (EDMS) BEPERK**
(Registrasienommer: **1997/011149/07**)
Hierin verteenwoordig deur **DIRK JACOBUS FOURIE**, ID NR. 7011205241086in sy hoedanigheid as Direkteur, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Koper**")

EN

**DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST**
(Registrasienommer: **TMP2690**
Hierin verteenwoordig deur **REINIER MEYER WEIDEMAN**, ID NR. 880501 513 0085, in syhoedanigheid as Trustee, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Verkoper**")

Fourie.

1.

**INTERPRETASIE:**

1.1 In hierdie ooreenkoms is opskrifte geriefshalwe gebruik en sal nie gebruik word vir die interpretasie van die ooreenkoms tensy die teendeel uit die samehang van die ooreenkoms blyk.

1.2 In hierdie ooreenkoms, tensy die teendeel duidelik daaruit blyk sluit woorde:

1.2.1 wat na een geslag verwys ook die ander geslag in;

1.2.2 wat na die enkelvoud verwys ook die meervoud in en omgekeerd;

1.2.3 wat na natuurlike persone verwys ook opgerigte entiteite (ingelyf of oningelyf) of regspersone in, en omgekeerd;

1.3 Die volgende terme sal die betekenisse wat hieronder daaraan toegeken word, hê en verwante uitdrukkings sal 'n ooreenstemmende betekenis hê, naamlik:

1.3.1 **"Akteuitmakers"** beteken Horn en Van Rensburg. Bloemfontein Telefoon nommer 051 448 9985.

1.3.2**"Besigheidsdag"** betekenenige dag anders as 'n Saterdag, Sondag of amptelike publieke vakansiedag in die Republiek van Suid-Afrika.

1.3.3**"BTW"** betekenBelasting op Toegevoegde Waarde betaalbaar in terme van die BTW Wet.

1.3.4**"BTW Wet"** beteken die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde nommer 89 van 1991, soos gewysig.

1.3.5**"Eiendom"** beteken die volgende onroerende eiendomme:

1.3.5.1 GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 299,7862 (TWEE HONDERD NEGE EN NEGENTIG KOMMA SEWE AGT SE TWEE) HEKTAAR,LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WESPROVINSIE .

Fourie.

1.3.5.2 GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 256,9596 (TWEE HONDERD SES EN VYFTIG KOMMA NEGE VYF NEGE SES) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.

1.3.5.3 GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 299,7862 (TWEE HONDERD NEGE EN NEGENTIG KOMMA SEWE AT SES TWEE) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.

1.3.5.4 GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN 457,3068 (VIER HONDERD SEWE EN VYFTIG KOMMA DRIE NUL SES AGT) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.

1.3.5.5 GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN 457,2953 (VIER HONDERD SEWE EN VYFTIG KOMMA TWEE NEGE VYF DRIE) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE

Eiendomme 1.3.5.1 tot 1.3.5.5 word gehou volgens transport nommer T43102/2010.

1.3.7**"Koopprys"** beteken die bedrag R 12 782 812.57 (Twaalf miljoen sewe honderd twee en tagtig duisend agt honderd en twaalf rand en sewe en vyftig sent) BTW uitgesluit.

1.3.8**"Koper"** beteken Kridyn Boerdery (Edms) Bpk(Registrasie nommer 1997/011149/07), 'nMaatskappy behoorlik geïnkorporeer in terme van die Maatskappye Wet.

1.3.9**"Ondertekeningsdatum"** beteken die datum waarop hierdie ooreenkoms onderteken word deur die party wat die ooreenkoms laaste teken.

Fourie.

1.3.10 **"Oordrag"** beteken registrasie van transport van die eiendom in naam van die Koper ooreenkomstig die bepalings van die Akteswet nommer 47 van 1937, soos gewysig.

1.3.11 **"Oordragdatum"** beteken die datum waarop oordrag geregistreer word in die Aktekantoor.

1.3.12 **"Partye"** beteken die Koper en die Verkoper en enige verwysing na party is 'n verwysing na een van die partye.

1.3.13 **"Plaas"** beteken die eiendomme verwys in paragraaf 1.3.5.

1.3.14 **"Rente"** beteken die nominale jaarliks, maandeliks agteruit saamgestel, prima oortrokke rentekoers soos gehef deur Standard Bank Beperk, van tyd tot tyd amptelik gekwoteer deur **NEDBANK** Bank, bereken op 'n 365 (drie honderd vyf en sestig) dae faktor ongeag of die jaar 'n skrikkeljaar is, soos gesertifiseer deur enige bestuurder van **NEDBANK**Bank waarvan die bewys van aanstelling nie nodig sal wees nie, welke sertifikaat sal dien as prima facie bewys van die inhoud daarvan.

1.3.15 **"Verkoper"** beteken Die Trustees van die Welgeval Trust(TMP2690) 'nTrust behoorlik geïnkorporeer en geregistreer kragtens die Wette van die Republiek van Suid-Afrika.

1.3.16 **"Voldoeningsdatum"** beteken die datum waarop die laaste van die opskortende voorwaarde na verwys in 13.1.1 en 13.1.2 voldoen is.

1.4 Enige verwysing na enige Wet, Regulasie of ander Wetgewing sal 'n verwysing wees na sodanige Wet, Regulasie of ander Wetgewing soos op die ondertekeningsdatum en soos gewysig of vervang van tyd tot tyd.

1.5 Indien enige bepaling in 'n omskrywing 'n substantiewe bepaling is wat regte verleen of verpligtinge oplê op enige party, ongeag die feit dat sodanige bepaling slegs in die omskrywingsklousule vervat is, sal uitvoering daaraan

gegee word asof dit 'n substantiewe bepaling in die liggaam van die ooreenkoms is.

1.6 Uitdrukkings in die ooreenkoms omskryf, sal dieselfde betekenis dra in die skedules of bylaes tot hierdie ooreenkoms wat nie insigself hulle eie omskrywing bevat nie.

1.7 Wanneer 'n getal dae in hierdie ooreenkoms voorgeskryf word, sal genoemde bereken word uitsluitend van die eerste en insluitend van die laaste dag tensy die laaste dag op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, in welke geval die laaste dag die daaropvolgende dag sal wees wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.

1.8 Enige verwysing na dae (anders as 'n verwysing na besigheidsdae), maande of jare sal 'n verwysing na kalenderdae, maande en jare wees, na gelang van die geval.

1.9 Die gebruik van enige uitdrukking in hierdie ooreenkoms wat 'n prosedure beskikbaar in terme van Suid-Afrikaanse Reg omskryf, soos likwidasie, sal, indien enige van die partye tot hierdie ooreenkoms onderhewig is aan die reg van 'n ander juisdiksie, geag word enige soortgelyke of analoë prosedure insluit onder die reg van sodanige ander jurisdiksie.

1.10 Die gebruik van die woord "insluitend" gevolg deur 'n spesifieke voorbeeld sal nie sodanig uitgelê word as 'n beperking op die betekenis van die voorafgaande frase nie en sal die *eiusdem generis* reël nie van toepassing wees in die interpretasie van sodanige frase, bewoording of sodanige spesifieke voorbeeld nie.

1.11 Geen bepaling hierin sal geag word of uitgelê word tot nadeel van 'n party omdat daardie party sodanige bepaling gestruktureer, opgestel of voorgestel het of geag word dit te gedoen het nie.

1.12 Hierdie ooreenkoms word beheer deur, uitgelê en geïnterpreteer in ooreenstemming met die Reg van die Republiek van Suid-Afrika.

1.13 Ingeval daar enige verskil of teenstrydigheid tussen die bepalings van hierdie ooreenkoms en enige skedules en/of aanhangsels tot hierdie ooreenkoms is, sal die bepalings van hierdie ooreenkoms deurslaggewend wees.

FJourie.

Hierdie ooreenkoms sal enige reg opvolgers in titel en belang van die partye tot hierdie ooreenkoms bind, asof hierdie terme en voorwaarde persoonlik deur die partye se opvolgers in reg, titel en belang aangegaan is.

2.

**INLEIDING:**

2.1 Die Verkoper is die eienaars van die eiendom bestaande uit die plase vermeld in paragraaf 1.3.5.

2.2 Die Verkoper het ooreengekom om die plaas as 'n lopende ondernemingwat landbou inkomste genereer deurmiddel van veeboerdery.

2.3 Hierdie ooreenkoms vervat die terme en voorwaarde waarop die partye ooreengekom het tot die voorgemelde koop en verkoop van die eiendom.

3.

**KOOPPRYS EN BETALING:**

3.1 Die koopprys van R 12 782 812.57 (Twaalf miljoen sewe honderd twee en tagtig duisend agt honderd en twaalf rand en sewe en vyftig sent) BTW uitgesluit word as volg opgemaak:

| | |
|---|---|
| Die eiendom | R12 000 000.00 |
| Lewendehawe(beeste) R | 782 812.57 |

3.2 Die partye boekstaaf dat die partye geregistreer is vir BTW en dat die plaas verkoop word as 'n lopende onderneming wat 'n veeboerdery inkomste genereer wat die Koper as sodanig sal voortsit en dat die BTW as'n nul koers betaalbaar is.

3.3 Die volle koopsom ten aansien van die eiendom sal betaal word deur die Koper aan die Verkoper op die oordrag datum.

3.4 Onderwig aan oordrag en binne 40 daegereken vanaf die ondertekeningsdatum, sal die Koper 'nkommersiële Bankwaarborg aan die Akteuitmakers, aanvaarbaar vir die Verkoper, lewer vir betaling van die volle koopsom van R 12 782 812.57 (Twaalf miljoen sewe honderd twee en tagtig duisend agt honderd en twaalf rand en sewe en vyftig sent) plus BTW daarop bereken (indien BTW Betaalbaar sal wees), alternatiewelik sal die koper die

Fgaun'e.

voormelde koopprys in kontant inbetalingby die Akteuitmakers voor of op die datum waarop die koper die waarborg moet lewer ingevolge die bepalings van hierdie klousule.

3.5 Die koopsomsal in trust gehou word deur die Akteuitmakers tot en met die oordrag van die eiendom.

3.6 Enige rente verdien op voormelde bedrag wat inbetaal word in die trustrekening van die Akteuitmaker sal vir die rekening en voordeel van die Koper wees en op die oordragdatum aan die Koper uitbetaal word.

3.7 Die waarborge sal opvraagbaar en betaalbaar wees te Bloemfontein na of enige ander plek skriftelik aangewys deur die Akteuitmaker:

3.7.1 Op oordrag van die eiendom in naam van die Koper;

3.7.2 Met kansellasie van enige bestaande verband soos geregistreer oor die eiendom voor die oordragdatum;

3.7.3 Teen gelyktydige registrasie van 'n nuwe verband indien die Koper in die uitsluitlike diskresie van die Koper verkies om 'n verband te registreer as sekuriteit vir enige finansiering.

3.8 Alle betalings ontstaande uit hierdie ooreenkoms sal gemaak word vry van enige bankwisselkoers, kommissie en ander aftrekkings aan die party daarop geregtig,teen die datum van verskuldigheid en in die geval wanneer sodanige datum van verskuldigheid nie 'n besigheidsdag is nie, op die onmiddellik daaropvolgende besigheidsdag.

3.9 Geeneen van die partye sal die reg hê om enige betaling verskuldig aan die ander party te weerhou, oor te maak aan 'n ander persoon, te wysig op enige voorwaarde wat nie uit hierdie ooreenkoms ontstaan nie of om 'n bevel om afwysing tot betaling van sodanige bedrag te verkry of enige eksekusie of ander vonnis by wyse van skuldvergelyking of teeneis, ontstaande uit welke oorsaak ookal.

3.10 Ongeag die bepalings van hierdie ooreenkoms sal enige bedrag verskuldig deur die een party aan die ander party (insluitend skadevergoeding) ontstaande en betaalbaar in terme van en uit hoofde van hierdie ooreenkoms, rente beloop vanaf die verskuldigde datum welke rente maandeliks agteruit bereken en gekapitaliseer sal word op die balans verskuldig van tyd tot tyd.

3.11 Indien die Koper die koopprys inbetaal voor die dae na verwys in klousule 3.3 en indiening van die aktes by die aktekantoor ter registrasie van transport van die eiendom in naam van die koper nie binne 14 (VEERTIEN) dae kan geskied nie, sal die Akteuitmaker voormelde bedrag belê by Nedbank CorporateSaver op die volgende voorwaardes:

3.11.1 die bedrag moet belê word op 'n trust spaar rekening of rente-draende rekening;

3.11.2 die rekening moet 'n verwysing bevat na Artikel 78(2A) van die Wet op Prokureurs (Wet Nr 53 van 1979);

3.11.3 die rente wat verdien word op die belegging, is tot die koper se voordeel en moet aan die koper betaal word na aftrekking van fooie en uitgawes om die belegging te administreer, so spoedig moontlik na die datum van registrasie van bogemelde transaksie;

3.11.4 die klousule 3 bedrag aldus belê moet op die datum van registrasie uitbetaal word in ooreenstemming met die Akteuitmaker se opdrag;

3.11.5 die partye is bewus van die feit dat terwyl die bedrag belê is by die gemelde bank, die bedrag nie beskerm is teen 'n moontlike likwidasie van die gemelde bank nie;

3.11.6 In terme van Artikel 86(5) van die Wet op Regspraktyke, Wet Nr. 28 van 2014, 5% (VYF PERSENT) van die rente wat geakkumuleer word op die gemelde belegging, oorbetaal moet word aan die Raad op Regspraktisynsen in die Fonds vestig.

4.

**BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE:**

4.1 Die Verkoper waarborg dat die Verkoper vir doeleindes van hierdie ooreenkoms 'n ondernemer is soos gedefinieer in Artikel 1 van die BTW Wet en in terme van Artikel 23 van die BTW Wet as sulks geregistreer is onder BTW Nommer: 4950191587.

Fourie.

4.2 Die Koper waarborg dat die Koper vir doeleindes van hierdie ooreenkoms 'n ondernemer is soos gedefinieer in Artikel 1 van die BTW Wet en in terme van Artikel 23 van die BTW Wet as sulks geregistreer is onder BTW Nommer: 4860167115.

4.3 Sonder om te aanvaar dat die transaksie onderhewig is aan BTW teen die standaardkoers, kom die partye ooreen dat indien vir welke rede ookal BTW nie as 'n nulkoers gereken sal word nie in terme van die BTW Wet en soos deur die partye in die vooruitsig gestel, of indien die Verkoper deur SARS versoek word om BTW op die transaksie te betaal teen 'n koers hoër as die standaard BTW koers, sal die Koper op die skriftelike versoek van die Verkoper of die Akteuitmaker, vergesel van 'n belastingfaktuur die bedrag BTW betaal teen die standaard BTW koers binne 7 (SEWE) dae na ontvangs van 'n kennisgewing dat BTW betaalbaar is en 'n faktuur. Die BTW sal dan addisioneel tot die koopsom betaal word in die bedrag van 15% op die koopsom van R 12 782 812.57 (Twaalf miljoen sewe honderd twee en tagtig duisend agt honderd en twaalf rand en sewe en vyftig sent)

4.4Die Partye waarborg teenoor mekaar dat hulle al hulle verpligtinge teenoor die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens nagekom het en sal nakom en dat alle opgawes ingedien te word en betalings gemaak te word, behoorlik en ten volle ingedien en gemaak is.

4.5 Die Partye wat nie sy verpligtinge nagekom het nie, sal aanspreeklik wees vir die betaling van alle koste opgeloop deur die ander party of skade gely deur die ander Party as gevolg van sy versuim om sy verpligtinge na te kom. Nie-nakoming sal 'n geldige grond vir kansellasie van die Ooreenkoms wees op grond van kontrakbreuk.

5.

**BESIT:**

5.1 Besit en ongestoorde okkupasie van die eiendom is reeds aan die Koper gegee ondanks die datum van ondertekening hiervan, vanaf welke datum dit vir die Koper se uitsluitlike risiko, wins of verlies is.

5.2 Die Verkoper sal aan die Koper op aanvraag 'n bedrag betaal gelykstaande aan alle agterstallige belastings en heffings verskuldig aan enige plaaslike of provinsiale owerheid, verskuldig en betaalbaar tot en met die

Fourie.

ondertekeningsdatum. Die partye sal op die oordragdatum al sodanige uitgawes ten aansien van die eiendom rekonsilieer.

5.3 Enige bedrag wat betaal is ten aansien van belastings, heffings en versekeringspremies vooruit betaal of agterstallig, sal proporsioneel bereken word en in ooreenstemming met die oordragdatum in die geval van die Verkoper deur die Koper addisioneel tot die koopprys betaal word proporsioneel in ooreenstemming met die oordragdatum en in die geval indien enige agterstallige bedrae verskuldig mag wees sal die Verkoper verantwoordelik wees vir die opbetaling daarvan proporsioneel en in ooreenstemming met die oordragdatum.

5.4 Die okkupasie huurgeld beloop 'n bedrag van R250.00 (twee honderd en vyftig rand) per hektaar per jaar, maandeliks voortuibetaalbaar te wete R36 898.62 plus 15% BTW te wete R 42 433.41 (BTW ingesluit).

5.5 Die okkupasiehuur virJulieen Augustus 2021 is tans betaalbaar drie dae na die ondertekeningsdatum.

6.

**OORDRAG:**

6.1 Oordrag van die eiendom sal geskied binne 'n redelike tyd nadat die koopprys, belastings of heffings en koste betaalbaar deur die Koper deur middel van 'n waarborg versekureer is of inbetaal is by die akteuitmaker.

6.2 Elke party sal binne sewe (7) dae nadat sodanige party versoek is deur die Akteuitmaker om alle dokumente te onderteken wat in verband staan met die oordrag van die eiendom en alle dokumente versoek deur die Akteuitmaker lewer deur sodanige party ten einde oordrag van die eiendom en registrasie van die verband verlang deur die Koper, te bewerkstellig.

7.

**OORDRAGKOSTE:**

Die partye is onderskeidelik verantwoordelik vir die volgende kostes en heffings:

7.1 Elke party sal aanspreeklik wees vir die kostes en professionele fooiewat die partye moet betaal ten aansien van die onderhandelinge, opstel en sluiting van hierdie ooreenkoms;

Fourie.

7.2 Die Koper is verantwoordelik vir die koste verbonde aan

:

7.2.1 Die registrasie van die oordrag van transport van die eiendom in naam van die Koper;

7.2.2 Die betaling van BTW indien enige BTW betaalbaar sal wees;

7.2.3 Enige ander oordragskostes, regskostes en kostes van soortelyke aard wat direk in verband staan met registrasie van die oordrag van die eiendom in naam van die Koper.

7.2.4 Die koste vir die opstel van hierdie ooreenkoms.

8.

**KONTRAK BREUK:**

8.1 Indien enige party ("verstek party") enige materiale terme van hierdie ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige verbreking reg te stel binne veertien (14) dae (mits sodanige gebreke nie binne 14 dae reggestel kan word nie of binne sodanige langer periode as wat die verstek party mag bewys redelik is in die omstandighede) na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die ander party ("onskuldige party") wat die verstek party kennis gee om die gebrek of wanprestasie te herstel, sal die onskuldige party geregtig wees sonder benadeling van enige van sy ander regte waaroor die onskuldige party mag beskikking terme van hierdie ooreenkoms, om:

8.1.1 hierdie ooreenkoms te kanselleer en van die verstekparty skade te verhaal wat die onskuldige party gelei het uit hoofde van die verstekparty se gebrek of wanprestasie; of

8.1.2 onmiddellik spesifieke nakoming van die ooreenkoms deur die verstekparty om al sy verpligtinge in terme van die ooreenkoms na te kom.

9.

**AGENTEKOMMISSIE:**

Die partye boekstaaf dat daar agente kommissie betaalbaar is deur die Verkoper aan iPropTrading CC van 5% plus BTW op die Koopprys. Die Verkoper magtig die

Laurie.

Akteuitmakers om die kommissie van die koopsom te verhaal en direk aan die agent oor te betaal, op die oordrag datum, maar teen lewering van 'n BTW faktuur deur die Agent aan die Verkoper.

10.

**KENNISGEWING EN DOMICILIA**

10.1 Die partye kies as hulle onderskeie domicilia citandi et executandi hulle onderskeie adresse soos in hierdie klousule uiteengesit vir alle doeleindes voortspruitende uit of in verband met die Ooreenkoms en by welke adresse alle prosesstukke en kennisgewings voortspruitende uit of in verband met hierdie Ooreenkoms, of die verbreking of beëindiging daarvan geldiglik beteken kan word op of oorhandig kan word aan die partye.

10.2 Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms is die partye se onderskeie adresse:

**Die Koper te**:

| Fisiese Adres: | Posadres: |
|---|---|
| BOTHASTRAAT 2<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 | POSBUS 583<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 |

E-pos: dirkfourie@lantic.net
Tel nr: (Mnr) 0834489245

**Die Verkoper te**:

Fisiese & Posadres:

P/A SCHOEMAN STEYN ING.
VERW: H H SCHOEMAN
BURGERRECHT STRAAT 18
BLOEMHOF
2660

E-pos: svsbloemhof@telkomsa.net
Tel nr: (Mnr Schoeman) 0822022568

D Fourie.

of by sodanige adres as waarvan die betrokke party skriftelik by wyse van 14 (veertien) dae voorafgaande kennis aan die ander party aangedui het, onderhewig daaraan dat geen straatadres wat in hierdie klousule aangedui word verander mag word na 'n posbus of poste restante nie.

10.3 Enige kennisgewing in terme van hierdie Ooreenkoms, sal skriftelik wees en sal

10.3.1 indien per hand afgelewer, geag word behoorlik deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag van aflewering;

10.3.2 indien gepos per voorafbetaalde geregistreerde pos, geag wees deur die geadresseerde ontvang te wees op die 8ste (agste) dae nadat dit gepos is;

10.3.3 indien deur faksimilee of e-pos versend, geag word deur die geadresseerde ontvang te wees op die dag wat volg op die dag waarop dit versend is, tensy die teendeel bewys word.

10.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel wat in hierdie Ooreenkoms geïmpliseer of vervat is, sal 'n skriftelike kennisgewing of kommunikasie wat werklik deur een party vanaf die ander party ontvang is, insluitende deur faksimilee versending, geag word voldoende kennis of kommunikasie wees aan die geadresseerde party.

11.

**VOETSTOOTS:**

Die eiendom word voetstoots verkoop ooreenkomstig die huidige ligging van die eiendom met al die geboue en verbeteringe daarop aangebring en soos dit uitsien daarna in die huidige stand en kondisie van die eiendom, sonder enige waarborg van welke aard ookal deur die Verkoper. Die eiendom word verkoop ooreenkomstig die bestaande geregistreerde kaart-akte en onderhewig aan die bestaande serwituutvoorwaardes en ander voorwaardes uiteengesit in die transportakte van die eiendom. Geeneen van die partye sal geregtig wees om enige eis in te stel teen die ander party in die geval dat die eiendom by heropmeet van die bestaande grootte mag verskil. Die Verkoper sal nie verantwoordelik wees vir die uitwysing van enige baken van die eiendom of vir enige koste vir die heroprigting van die baken, die hervasstelling van sodanige baken of die aanbring van enige penne om duidelikheid te kry oor die grootte van die eiendom.

12.

**WAARBORGE:**

Die verkoper gee geen waarborg met betrekking tot die geboue en enige verbetering op die eiendom of regte wat daaraan verbonde is nie.

13.

**OPSKORTENDE VOORWAARDES:**

13.1 Die koop hierin is onderhewig daaraan dat:
- die Koper goedgekeerde finansiering van 'n bank of finansiële instelling sal verkry vir die bedrag van R 12 782 812.57 (Twaalf miljoen sewe honderd twee en tagtig duisend agt honderd en twaalf rand en sewe en vyftig sent) BTW uitgesluit binne 40 dae na die ondertekeningsdatum hiervan gelewer word, alternatiewelik moet die koopsom in totaal binne die 40 dae vermelde periode by die akteuitmakers inbetaal word.
- Alle bestaande verbande oor die eiendom gekanselleer word gelyktydig met oordrag van die eiendom,

13.2 Indien daar nie aan voorwaarde 13.1 hierbo voldoen kan word nie verval hierdie ooreenkoms in geheel en beskik hierdie ooreenkoms oor geen regskrag hoegenaamd nie.

14.

**WERKNEMERS:**

14.1 Die partye boekstaaf dat geen werknemers in diens van die werkgewer aan die Koper oorgedra word in terme van die bepalings van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge nie.

14.2 Die Verkoper sal op sy eie koste, indien nodig, vergoeding betaal aan enige werknemer ten opsigte van enige verlof, bonusse en ander voordele verskuldig aan sodanige werknemer soos op die oordrag datum bereken en bepaal.

14.3 Die Verkoper sal sy werknemer afbetaal soos en met die opdrag daartoe en onderneem die Verkoper om aan die Kopers enige skeidingspakket en/of

Laurie.

voordeel uitbetaal in terme van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

14.4 Die Verkoper vrywaar hiermee en skeld die Koper vry van enige eise van sodanige werknemer uit hoofde van voormelde.

15.

**ARBITRASIE EN DISPUUTBESLEGTING:**

15.1 Enige dispuut ontstaande uit die bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitende maar nie beperk tot enige dispuut rakende:

15.1.1 Die bestaan, geldigheid of uitvoering van hierdie ooreenkoms of enige klousule daarvan;

15.1.2 Die interpretasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.3 Die regte en verpligtinge van die partye in terme van hierdie ooreenkoms;

15.1.4 Die rektifikasie van hierdie ooreenkoms;

15.1.5 Enige kontrakbreuk of kansellasie van hierdie ooreenkoms en die gevolge daarvan;

15.2 'n Arbiter sal 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as 10 jaar praktykservaring nie, genomineer op versoek van enige van die partye tot die arbitrasie deur die onderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.1 Indien die geskil suiwer oor 'n landbou aangeleentheid gaan sal die arbiter 'n boer met ten minste tien jaar ervaring in die verbouing van die betrokke gewas wees waarop die partye skriftelik moet ooreenkom, by gebreke waaraan die arbiter aangewys moet word deur onderskeie regsverteenwoordigers by konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.2.2 In enige ander aangeleentheid sal die arbiter 'n prokureur of advokaat wees met nie minder as tien jaar praktiese ondervinding nie waarop die partye moet ooreenkomonderskeie regsverteenwoordigers by

konsensus en by gebreke daaraan, deur die president of voorsitter van die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika.

15.3 Die arbitrasie moet geskied te Bloemhof en op 'n informele basis met die oogmerk dat dit afgehandel word binne negentig dae na die aanstelling van 'n arbiter. Die arbiter moet aangestel word binne tien dae nadat die een party aan die ander party kennis gegee het van die bestaan van 'n dispuut.

15.4 Die arbitrasie moet op 'n informele wyse geskied d.w.s sonder die nodigheid om pleitskrifte te wissel en dokumente bloot te lê, altyd egter, onderworpe aan die aanwysings van die arbiter.

15.5 Binne sewe dae na die aanstelling van die arbiter moet die partye 'n skriftelike arbitrasie ooreenkoms aangaan met die hoofdoel om die geskilpunt(e) tussen hulle te definieer en hulle onderskeie standpunte daaraangaande op rekord te plaas.

15.6 Binne sewe dae nadat die arbitrasie ooreenkoms aangegaan is moet die partye met die arbiter vergader ten einde sy aanwysings te kry oor die verdere verloop van die arbitrasie insluitend die gebruik van dokumente deur die partye en die beskikbaarmaking daarvan;

15.7 Die Arbitrasiewet, No. 42 van 1956 is op die arbitrasie van toepassing;

15.8 Die arbiter het die mag om self te beslis of hy die bevoegdheid het om 'n bepaalde dispuut te bereg insluitende dispute oor prosedure en die maak van 'n gepaste kostebevel.

15.9 Die bepalings van hierdie klousule sal geen party weerhou van sy reg om dringende regshulp aan te vra by enige bevoegde Hof nie.

16.

**<u>VERKOPER SE VERANTWOORDELIKHEDE VOOR DIE OORDRAGDATUM:</u>**

16.1 <u>Voortsetting van besigheid</u>:

16.1.1 Die Koper boekstaaf dat die eiendom nie teen enige risiko verseker is nie. Die Koper sal vanaf die ondertekeningsdatum vir die rekening van die Koper geregtig wees om die eiendom op koste van die Koper te verseker insluitende enige verbeteringe daarop teen enige risiko wat die Koper van welke aard ookal in sy uitsluitlike diskresie op mag besluit.

16.1.2 Die Verkoper onderneem om mee te werk tot sodanige versekering deur die Koper en sal die Verkoper as eienaar enige dokumente in verband daarmee onderteken wat die Koper of versekeringsmakelaar aan die Verkoper voorlê vir ondertekening en ter verkryging van die versekering

16.1.3 Die Koper sal vir die eie rekening van die Koper geregtig wees op enige opbrengs in terme van sodanige versekeringspolis, maar sal die Koper nie by die plaasvind van enige gebeurtenis ingevolge waarvan die eiendom voor die oordragdatum sodanig verwoes of beskadig word dat die Koper of enige huurder nie in staat sal wees om die boerdery onderneming of enige gedeelte daarvan as 'n lopende onderneming te bedryf nie, geregtig wees op kansellasie van hierdie ooreenkoms nie

16.2 <u>Onwettige handelinge:</u>

16.2.1 Die Verkoper sal nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Koper (wie se toestemming nie onredeliker wyse weerhou mag word nie) voor die oordragdatum:

16.2.1.1 Enige bate vervreem, toestem tot 'n vervreemding of enige bate beswaar ten opsigte van die eiendom nie van die eiendom nie.

16.2.1.2 Enige abnormale of ongewone transaksie aangaan wat die eiendom nadelig mag affekteer.

16.2.1.3 Die eiendom op enige wyse of manier verander nie.

16.2.1.4 Enige struktuur aangebring op die eiendom verander, wysig of verwyder nie.

16.2.1.5 Die eiendom op dieselfde wyse gebruik en aanwend soos die bestaande praktyk op datum van ondertekening van die ooreenkoms was.



Fourie.

**ELEKTRIESE SERTIFIKAAT:**

17.1 Die Verkoper sal verplig wees op hul koste om voor registrasie van transport 'n sertifikaat te lewer aan die bogemlede transportbesorger ter bevestiging dat die elektriese installasie op die eiendom voldoen aan die vereistes neergelê in die regulasies met betrekking tot elektriese installasie van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die verkryging van die elektrisiteit op die eiendom, en dus 'n sertifikaat vir die gebruik van elektrisiteit op die eindom is egter, soos hierin later mee gehandel word, die verantwoordelikheid van die Koper.

18.

**WATERREG**

18.1 Met uitsondering van die bestaande boorgate en gebruike daarvoor, Die boekstaaf die partye dat geen waterregte vir besproeiing by die koop ingesluit is nie.

**ALGEMEEN:**

19.1 Hierdie ooreenkoms stel die volledige ooreenkoms tussen die partye daar. Geen party is gebonde aan enige uitdruklike, stilswyende of geïmpliseerde terme, voorstelling, waarborg of soortgelyke handeling wat nie vervat is in hierdie ooreenkoms nie. Hierdie ooreenkoms termineer en vervang enige vorige beloftes, ondernemings of voorstellings hetsy skriftelik of mondeling gemaak tussen die partye ten opsigte van enige onderwerp van hierdie ooreenkoms.

19.2 Geen toevoeging, verandering, novasie of ooreengekome kansellasie of enige terme van hierdie ooreenkoms sal bindend op die partye wees tensy die partye sodanige toevoeging, wysiging, novasie of kansellasie op skrif gestel is en deur die partye onderteken is nie.

19.3 Geen tegemoetkoming of uitstel van tyd of ander toegewing wat gegee word of toegelaat word deur enige party aan die ander ten opsigte van enige betaling of verpligting of optrede in terme van hierdie Ooreenkoms, sal op enige manier of onder enige omstandighede geag word as 'n toestemming deur enige party te wees of 'n afstanddoening of novasie wees of andersins sodanige party se regte affekteer in terme van, of voortspruitende uit, hierdie Ooreenkoms nie of sodanige party verhoed om sy regte voortspruitende uit hierdie Ooreenkoms te enige tyd uit te oefen om sonder kennisgewing streng en tydige nakoming van elke bepaling of term hiervan af te dwing nie.

Fourie.

19.4 Die partye boekstaaf dat hierdie ooreenkoms op afsonderlike plekke en op afsonderlike dokumente onderteken kan word en met samevoeging van die twee dokumente wat onderskeidelik deur die Verkoper en die Koper elk onderteken is, een gehele en bindende ooreenkoms sal uitmaak.

GETEKEN TE Schweizer-Reneke OP HIERDIE 19 DAG VAN AUGUSTUS 2021

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
KOPER

GETEKEN TE Schweizer-Reneke OP HIERDIE 19 DAG VAN AUGUSTUS2021

**AS GETUIES:**

1. Laurie. _____

2. _____

_____
VERKOPER

# RESOLUSIE VAN BESLUIT

**RESOLUSIE VAN BESLUIT DEUR DIE DIREKTEURE VAN KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, REGISTRASIENOMMER 1997/011149/07**

**GEHOU TE** Schweizer-Renekop 19 Augustus **2021**

---

Daar word besluit dat:

1. Dat 'n**KOOPOOREENKOMS** hierby aangeheg deur**KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer: 1997/011149/07 (Koper)** en **DIE TRUSTEES VAN DIE JE TRUST, Registrasienommer: IT5076/00 (Verkoper)** aangegaan word.

2. Dat **DIRK JACOBUS FOURIE, Identiteitsnommer 701120 5241 086**,die ooreenkoms en alle dokumentasie in verband daarmee namens **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07,**mag teken en om verder enige handeling te verrig wat in verband met voormelde voorgenome ooreenkoms namens**KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07,** nodig sal wees ten einde uitvoering te gee aan die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit.

3. Dat daar ingestem word deur **KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer1997/011149/07**, tot die terme en voorwaardes van gemelde ooreenkoms.

_____

DIREKTEUR

_____

DIREKTEUR

_____

DIREKTEUR

# RESOLUSIE VAN BESLUIT

RESOLUSIE VAN BESLUIT DEUR DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST, REGISTRASIE TMP2690

GEHOU TE BLOEMHOF OP 19 FEBRUARIE 2021.

---

Daar word besluit dat:

1. Dat 'n KOOPOOREENKOMS hierby aangeheg deur KRIDYN BOERDERY (EDMS) BPK, Registrasienommer: 1997/011149/07 (Koper) en DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST, Registrasienommer: TMP2690 (Verkoper) aangegaan word.

2. Dat REINIER MEYER WEIDEMAN, Identiteitsnommer 880501 513 0085, die ooreenkoms en alle dokumentasie in verband daarmee namens DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST, Registrasienommer TMP2690, mag teken en om verder enige handeling te verrig wat in verband met voormelde voorgenome ooreenkoms namens DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST, Registrasienommer TMP2690, nodig sal wees ten einde uitvoering te gee aan die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit.

3. Dat daar ingestem word deur DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST, Registrasienommer TMP 2690, tot die terme en voorwaardes van gemelde ooreenkoms.

TRUSTEE (HEINRICH WEIDEMAN) N.O

630609 5002 080

TRUSTEE (REINIER WEIDEMAN) N.O

880501 5130 085

TRUSTEE (PIERRE VAN DER MERWE) N.O

751204 5020 085

**ADDENDUM TOT KOOPOOREENKOMS**

OOREENKOMS AANGEGAAN EN GESLUIT DEUR EN TUSSEN:

**KRIDYNBOERDERY (EDMS) BEPERK**
(Registrasienommer: **1997/011149/07**)
Hierin verteenwoordig deur **DIRK JACOBUS FOURIE**, ID NR. 7011205241086in sy hoedanigheid as Direkteur, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Koper**")

EN

**DIE TRUSTEES VAN DIE WELGEVAL TRUST**
(Registrasienommer: **TMP2690**
Hierin verteenwoordig deur **REINIER MEYER WEIDEMAN**, ID NR. 880501 513 0085, in syhoedanigheid as Trustee, behoorlik daartoe gemagtig.

(die "**Verkoper**")

**NADEMAAL** die Koper en Verkoper op 19 Augustus 2021 'n koopooreenkoms aangegaan het ten aansien van die koop van die verkoper se eiendom nl:

1. **GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 299,7862 (TWEE HONDERD NEGE EN NEGENTIG KOMMA SEWE AGT SE TWEE) HEKTAAR,LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE .**

2. **GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 256,9596 (TWEE HONDERD SES EN VYFTIG KOMMA NEGE VYF NEGE SES) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.**

3. **GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS VAALBOSCHHOEK 299,7862 (TWEE HONDERD NEGE EN NEGENTIG KOMMA SEWE AT SES TWEE) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.**

4. **GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN 457,3068 (VIER HONDERD SEWE EN VYFTIG KOMMA DRIE NUL SES AGT) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE.**

5. **GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN 457,2953 (VIER HONDERD SEWE EN VYFTIG KOMMA TWEE NEGE VYF DRIE) HEKTAAR, LEKWA-TEEMANE DISTRIK, NOORD-WES PROVINSIE**

**gehou volgens transport nommer T43102/2010.**

EN NADEMAAL die Koper en Verkoper 'n wysiging tot klousule 1.3.1 en 10.2 van die gesegde koopooreenkoms wil aanbring.

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:

1.

Klousule 1.3.1 van die huurooreenkoms word hiermee gewysig om as volg te lees:

1.3.1 **"Akteuitmakers"** beteken Du Randt Law Ingelyf, Bloemfontein Telefoon nommer 082 374 1757.

Klousule 10.2 van die huurooreenkoms word hiermee gewysig om as volg te lees:

10.2 Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms is die partye se onderskeie adresse:

**Die Koper te:**

| Fisiese Adres: | Posadres: |
|---|---|
| BOTHASTRAAT 2<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 | POSBUS 583<br>SCHWEIZER RENEKE<br>2780 |

E-pos: dirkfourie@lantic.net
Tel nr: (Mnr) 0834489245

**Die Verkoper te:**

Fisiese & Posadres:

P/A DU RANDT LAW ING.
PRETTYMAN WEG 16
WAVERLEY
BLOEMFONTEIN
9301

E-pos: zane@durandtlaw.co.za
Tel nr: 082 374 1757 (Zane du Randt)

2.

Die balans van die inhoud van die huurooreenkoms sal ten volle van krag en afdwingbaar bly.

GETEKEN TE SCHWEIZER RENEKE op hierdie ..30e.. dag van AUGUSTUS 2021.

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
VERKOPER

GETEKEN TE SCHWEIZER RENEKE op hierdie ..30e.. dag van AUGUSTUS 2021.

**AS GETUIES:**

1. _____

2. _____

_____
KOPER

**REGISTRATION FORM AND COMMENT FOR THE PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**PROPOSED PROSPECTING RIGHT OVER Portion 2 of the farm Paardenpan 260 HO, Remaining extent of Portion 2 & Portion 3 of the farm Klipfontein 263 HO, Remaining extent of Portion 1, Portion 2 & Portion 3 of the farm Vaalboschhoek 264 HO, Portion 4 of the farm Republiek 274 HO, Remaining extent, Portion 1 & Portion 2 of the farm Honi-Soit-Qui-Maly-Y-Pense 275 HO, MAGISTERIAL DISTRICT OF CHRISTIANA.**

Daan Erasmus
P.O. Box 6499
KLERKSDORP
2572

Tel. 018-468 5355
Fax: 018-011 3760
Mobile: 082 895 3516
E-mail: daane@dera.co.za & dera.office@dera.co.za

**PERSONAL INFORMATION:**

Title/Titel: Mr Initials/Voorletters: AC First Name/Eerste naam: Abraham Carl

Surname/Van: Strauss

E-mail/E-pos: acestrauss@gmail.com

Telephone/Telefoon: 0836335007 Fax/Faks: —

Organisation (if applicable)/Organisasie(indien van toepassing: .....

Capasity (member, etc.)/Kapasiteit (lid ens): .....

Landowner/Grondeienaar/Neighbour/Buurman/ Interested and/or affected party on the farm/ op die plaas: Boekpfeals

Postal Address/ Posadres: 636 S-Rand

Town/City/Dorp/Stad: S-Rand Code/Kode: 2750

**COMMENT/OBJECTION:**

1. What is the nature of your interest in the proposed project/Wat is u belang in die voorgenome projek?

2. Do you have any ground for objection towards the proposed project/Het u enige gronde tot beswaar t.o.v. die bogenoemde projek?

Nee

**YES/NO JA/NEE**

If "Yes", please list shortly/Indien 'JA', lys asseblief kortliks.

N/V.T.

3. Do you foresee that this activity will have a negative impact on yourself or the environment/Voorsien u dat die voorgenome projek 'n negatiewe inpak kan he op useff of die omgewing?

**YES/NO JA/NEE**

If "Yes", please descibe shortly/Indien 'JA', verduidelik asseblief kortliks.

Filled in on/Ingevul op 30 day of /dag van Augustus (month)/(maand) 2021

AC Strauss

**Name and Surname/ Company**
**Naam en Van/Maatskappy**

**Signature/Handtekening**

**REGISTRATION FORM AND COMMENT FOR THE PUBLIC PARTICIPATION PROCESS PROPOSED PROSPECTING RIGHT OVER Portion 2 of the farm Paardenpan 260 HO, Remaining extent of Portion 2 & Portion 3 of the farm Klipfontein 263 HO, Remaining extent of Portion 1, Portion 2 & Portion 3 of the farm Vaalboschhoek 264 HO, Portion 4 of the farm Republiek 274 HO, Remaining extent, Portion 1 & Portion 2 of the farm Honi-Soit-Qui-Maly-Y-Pense 275 HO, MAGISTERIAL DISTRICT OF CHRISTIANA.**

Daan Erasmus
P.O. Box 6499
KLERKSDORP
2572

Tel. 018-468 5355
Fax: 018-011 3760
Mobile: 082 895 3516
E-mail: daane@dera.co.za & dera.office@dera.co.za

## PERSONAL INFORMATION:

Title/Titel: Mnr Initials/Voorletters: S.F First Name/Eerste naam: BEZUIDENHOUT

Surname/Van STEPHANUS FRANCOIS BEZUIDENHOUT

E-mail/E-pos louise.bez5@gmail.com

Telephone/Telefoon 083 388 5660 Fax/Faks —

Organisation (if applicable)/Organisasie(indien van toepassing: .....

Capasity (member, etc.)/Kapasiteit (lid ens): .....

Landowner/Grondeienaar/Neighbour/Buurman/ Interested and/or affected party on the farm/ op die plaas Klipfontein

Postal Address/ Posadres Posbus 198

Town/City/Dorp/Stad: Schweizer-Reneke Code/Kode: 2780

## COMMENT/OBJECTION:

1. What is the nature of your interest in the proposed project/Wat is u belang in die voorgenome projek?

2. Do you have any ground for objection towards the proposed project/Het u enige gronde tot beswaar t.o.v. die bogenoemde projek?

Geen Beswaar

YES/(NO) JA/NEE

If "Yes", please list shortly/Indien 'JA', lys asseblief kortliks.

3. Do you foresee that this activity will have a negative impact on yourself or the environment/Voorsien u dat die voorgenome projek 'n negatiewe inpak kan he op uself of die omgewing?

YES/(NO) JA/NEE

If "Yes", please descibe shortly/Indien 'JA', verduidelik asseblief kortliks.

Filled in on/Ingevul op 27 day of /dag van Augustus (month)/(maand) 2021

Stephanus Francois Bezuidenhout

**Name and Surname/ Company**
**Naam en Van/Maatskappy**

**Signature/Handtekening**

**REGISTRATION FORM AND COMMENT FOR THE PUBLIC PARTICIPATION PROCESS PROPOSED PROSPECTING RIGHT OVER Portion 2 of the farm Paardenpan 260 HO, Remaining extent of Portion 2 & Portion 3 of the farm Klipfontein 263 HO, Remaining extent of Portion 1, Portion 2 & Portion 3 of the farm Vaalboschhoek 264 HO, Portion 4 of the farm Republiek 274 HO, Remaining extent, Portion 1 & Portion 2 of the farm Honi-Soit-Qui-Maly-Y-Pense 275 HO, MAGISTERIAL DISTRICT OF CHRISTIANA.**

Daan Erasmus
P.O. Box 6499
KLERKSDORP
2572

Tel. 018-468 5355
Fax: 018-011 3760
Mobile: 082 895 3516
E-mail: daane@dera.co.za & dera.office@dera.co.za

## PERSONAL INFORMATION:

Title/Titel: Mr Initials/Voorletters: W.J. First Name/Eerste naam: Willem

Surname/Van: Van Zyl

E-mail/E-pos: vzywj@gmail.com

Telephone/Telefoon: 083 668 4245 Fax/Faks: –

Organisation (if applicable)/Organisasie(indien van toepassing: –

Capasity (member, etc.)/Kapasiteit (lid ens): –

Landowner/Grondeienaar/Neighbour/Buurman/ Interested and/or affected party on the farm/ op die plaas: Buurman

Postal Address/ Posadres: Posbus 16 Christiana

Town/City/Dorp/Stad: Christiana Code/Kode: 2680

## COMMENT/OBJECTION:

1. What is the nature of your interest in the proposed project/Wat is u belang in die voorgenome projek?

/

2. Do you have any ground for objection towards the proposed project/Het u enige gronde tot beswaar t.o.v. die bogenoemde projek?

Water moet met omsigtigheid verbruik / gepomp word met inagneming van bepaalde water lisensie

**YES/NO JA/NEE**

If "Yes", please list shortly/Indien 'JA', lys asseblief kortliks.

/

3. Do you foresee that this activity will have a negative impact on yourself or the environment/Voorsien u dat die voorgenome projek 'n negatiewe inpak kan he op uself of die omgewing?

**YES/NO JA/NEE**

If "Yes", please descibe shortly/Indien 'JA', verduidelik asseblief kortliks.

Nee Ba

Filled in on/Ingevul op 2 day of /dag van September (month)/(maand) 2021

/

**Name and Surname/ Company**
**Naam en Van/Maatskappy**

**Signature/Handtekening**

mineral resources
& energy
Department:
Minerals Resources and Energy
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Private Bag A1, KLERKSDORP 2570
Fax No: (018) 487 4350 / Tel No.: (018) 487 4300
Enquiries: J.H Makhubela Reference No. NW 30/5/1/1/2/13123 PR

**Kridyn Boerdery (Pty) Ltd**
P.O BOX 6499
Flamwood
**KLERKSDORP**
2572

Fax: **(018) 011 3760**

E-mail Address: **daane@dera.co.za**

**Attention: Daan Erasmus**

**ACCEPTANCE OF AN APPLICATION FOR A PROSPECTING RIGHT AND A PERMISSION TO REMOVE AND DISPOSE OF MINERALS IN TERMS OF SECTIONS 16 AND 20 OF THE MINERAL AND PETROLEUM RESOURCES DEVELOPMENT ACT, ACT 28 OF 2002 (ACT) AS AMENDED BY SECTION 12 OF THE MINERAL AND PETROLEUM RESOURCES DEVELOPMENT AMENDMENT ACT, ACT 49 OF 2008 "HEREIN REFERRED TO AS THE AMENDED ACT": PORTION 2 OF THE FARM PAARDENPAN 260 HO, REMAINING EXTENT OF PORTIONS 2 AND 3 OF THE FARM KLIPFONTEIN 263 HO, REMAINING EXTENT OF PORTION 1, PORTIONS 2 AND 3 OF THE FARM VAALBOSCHHOEK 264 HO, PORTION 4 OF THE FARM REPUBLIEK 274 HO AND THE REMAINING EXTENT, PORTIONS 1 AND 2 OF THE FARM HONI-SOIT-QUI-MAL-Y-PENSE 275 HO, SITUATED IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF CHRISTIANA.**

I hereby confirm that your application for a prospecting right and a permission to remove and dispose of **diamond (alluvial)** in terms of sections 16 and 20 of the Mineral

and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002) (as amended) has been accepted

In terms of Section 12(d) of the said Act, you are therefore required to consult in the prescribed manner with the landowner, lawful occupier and any interested and affected party and include the result of the consultation in the relevant environmental reports.

In light of the minimum requirements as stipulated on Regulation 16(1) and 16(2) of the EIA Regulations, your application for an Environmental Authorisation was incomplete as it was not accompanied by this acceptance letter as per Sub Regulation 16(1)(ix) and considering that it is now completed by this acceptance letter, you are hereby required to submit the documents as stipulated on Regulation 19(1) to 19(8) of the EIA Regulations (Only in cases where Basic Assessment Report is applicable) or Regulation 21 (Scoping Report) and Regulation 23 (EIR and EMPR) (In case of Scoping and Environmental Impact Report). **Please ignore the submission of this report in case you have already submitted.** All timeframes are effective from the date of this letter.

**Kindly take note that you are required to consult with the Department of Land Affairs if the land is state owned and in the event that the land is subject to land restitution, to consult the office of the Commission on Restitution of Land Rights and submit on line and hard copy to the Regional Office the results of such consultation on or before the 03rd of September 2021 (30 days).**

You are further requested in terms of section 17 (4) of the act to give effect to the objects referred to in section 2 (d) of the Act (BEE). In this regard you are required to submit **online** and hard copy to this Regional office by not later than the **18th of October 2021** (60 days), the following documents:

a) **duly signed shareholders agreements;**
b) **share certificates and shareholder's registers;**
c) **articles and memorandum of association of the company;**
d) **details relating to funding (all relevant agreements); and**
e) **any other agreement or documents relating to the agreement**

**"Your attention is drawn to the provision of section 17 (1) (e) of the MPRDA, which provide that the Minister may grant an application for a prospecting right if the applicant is not in contravention of any relevant provision of this Act. Section 19(2)(f) places an obligation on the holder of a prospecting right to pay the prescribed prospecting fees, as per Regulation 76 of the MPRDA".**

**"You are therefore reminded to ensure that payment of all prospecting fees for all the prospecting rights that you hold, are up to date, failing which this may have a negative impact on the outcome of your current application"."**

Acceptance of your application does not grant you the right to commence with prospecting operations. Your application will be evaluated/processed and a recommendation on the granting/refusal of the right will be forwarded to the Minister or her delegate. Any person operating without a prospecting/mining right or mining permit will be in contravention of Section 5(4) of the MPRDA and would be guilty of an offence in terms of the relevant Act.

**Take note further that failure to submit the documents as requested and failure to adhere to the timeframes as stipulated above amounts to non-compliance with the provision of the Act and will therefore lead to your application being recommended for refusal without further notification to you.**

Yours faithfully

.....

**REGIONAL MANAGER**

**NORTH WEST REGION**

**DATE:** 26/07/2021

## Gerda

**From:** Gerda <dera.office@dera.co.za>
**Sent:** Friday, 13 August 2021 11:55
**To:** 0534413735@faxsend.co.za
**Subject:** Consultation letter - Kridyn Boerdery - Prospecting application
**Attachments:** Consultation letter - Kridyn Boerdery - Prospecting application.pdf

Good day Pakiso

See attached the consultation letter for Kridyn Boerdery for a Prospecting Right application in the Christiana district.

It will be highly appreciated if you could sign and return the letter to dera.office@dera.co.za

Regards.

Gerda Els
Cell: 083 225 1593

Daan Erasmus
Dera Omgewingskonsultante (Pty) Ltd.
Reg no: 2014/051013/07
P.O. Box 6499, Flamwood, 2572
VAT no: 4590284073
Tel: 018 468 5355
Fax: 018 011 3760
Cell: 082 895 3516
e-mail: dera.office@dera.co.za or daane@dera.co.za

Your message is ready to be sent with the following file or link attachments:

Consultation letter - Kridyn Boerdery - Prospecting application

Note: To protect against computer viruses, e-mail programs may prevent sending or receiving certain types of file attachments. Check your e-mail security settings to determine how attachments are handled.

P O Box 6499
Flamwood
2572
Tel: 018-468 5355
Fax: 018-011 3760
Cell: 082 895 3516
E-mail: dera.office@dera.co.za
daane@dera.co.za

# DERA

2 August 2021

## Environmental Consultants

**Lekwa-Teemane Local Municipality**

**Attention: Pakiso Leshage (LED)**

**RE: CONSULTATION WITH INTERESTED & AFFECTED PARTIES**

